Verwysing: 20200512-6165
Lêerno.: 13/8/1
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0005/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Uitnodiging om aansoek te doen om die pos van monitor vir die 2020/2021 Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens

1. Die gehaltebeheer, behoorlike optrede, administrasie en bestuur van eksamens is noodsaaklik op alle vlakke van die onderwysstelsel. Om te verseker dat die graad 12-eksamens geloofwaardig is, gaan die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die monitering van die eksamens regdeur die provinsie versterk.

2. Die minimum norme en standaarde vir die monitering van eksamensentrums gedurende die eksamens word uiteengesit in die *Regulations Pertaining to the Conduct, Administration and Management of the National Senior Certificate examination,* gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37651 van 16 Mei 2014.

3. Die WKOD nooi hiermee voormalig indiensgeneemde (afgetrede) opvoeders of amptenare met die toepaslike eksamen- en bestuursondervinding uit om aansoek te doen om die 2020/2021 NSS- en SS-eksamens te monitor.

4. Potensiële applikante moet aan die volgende maatstawwe voldoen:

4.1 Was voorheen as 'n kringbestuurder, hoofonderwyskundige, adjunkhoofonderwys-kundige, senior kurrikulumbeplanner, vakadviseur, senior onderwyskundige, prinsipaal, adjunkprinsipaal, departementshoof of eksamenamptenaar in diens geneem.

4.2 Het ten minste drie jaar ondervinding in die monitering of afneem, administrasie en bestuur van die NSS-/SS-eksamens.

4.3 Is nie ouer as 69 jaar nie. 'n Mediese sertifikaat van 'n dokter sal vereis word om die stand van die gesondheid te bevestig.

5. Applikante moet hulle eie voertuie vir monitering gebruik.

6. Alle monitors wat aangestel word, sal ondersoek word.

7. Jy sal nie as 'n monitor aangestel word indien jy:
   - uit die diens of enige Suid-Afrikaanse regeringsdepartement ontslaan is nie;
   - 'n vrywillige diensbeëindigingspakket aanvaar het nie; of
   - weens slegte gesondheid afgetree het nie.

8. Die volgende stel dokumente sal verlang word:
   - gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument;
   - bankbesonderhede; en
   - besonderhede oor inkomstebelastingnommer.

9. Monitors sal vanaf ongeveer 12 Oktober 2020 tot 09 Desember 2020 vir die NSS-eksamens aangestel word. Monitors sal vir die 2021 Mei/Junie-eksamens oorweeg word. Daar sal ook van monitors verlang word om 'n vaardigheidstoets na die opleidingsessie af te lê.

10. Alle monitors wat aangestel is, moet die moniteringsopleiding wat vir September/Oktober 2020 gereël sal word, voor die aanvang van die eksamens bywoon.

11. Die vergoeding van monitors word gebaseer op die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM) se skaal, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 39684 van 12 Februarie 2016.

12. Aansoeke moet op of voor **18 Junie 2020** ingedien word.

13. Aansoeke kan slegs elektronies óf per rekenaar óf per mobiele foon gerig word via die volgende skakel: https://bitlylink.com/Vc25V, of VR-kode.

14. Sodra 'n aansoek ingedien is, sal dokumente aan alle aansoekers per e-pos gestuur word. Die dokumente moet so gou as moontlik ingevul, geskandeer en aan Moya.Combrink@westerncape.gov.za per e-pos gestuur word. Die oorspronklike, getekende dokumente moet gepos word aan:

    Vir aandag: Mnr. Z Sonkwala
    Direktoraat: Assesseringsbestuur
    5de Verdieping
    Grand Central-gebou
    Laer Parlementstraat
    Kaapstad
    8001

15. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle potensiële applikante te bring. **Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelik gehou word indien potensiële applikante nie oor die inhoud in kennis gestel word nie.**

16. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-06-05